Finansieel Gesproke

Augustus 2010

Binne:

- Geposisioneer vir die toekoms
- 'n Omgewing van lae opbrengste
- Fondse in die kollig

OLD MUTUAL

Geposisioneer vir die toekoms

Pieter Hugo
Besturende Direkteur van Old Mutual Unit Trusts

2010 is nog 'n jaar vol verrassings en dit is duidelik dat die wêreldwye ekonomiese omgewing 'n geweldige impak op ons ekonomie het. Op bladsy 3 bespreek fondsbestuurder Peter Brooke die uitwerking wat stadiger wêreldwye ekonomiese groei vorentoe op Suid-Afrika sal hê. Dit kom daarop neer dat ons ons verwagtings oor die groei wat beleggings oor die volgende vyf tot tien jaar gaan lewer afwaarts sal moet aanpas, en groter onbestendigheid (skommelinge) moet verwag.

Die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks (ALSI) het gedurende die eerste kwartaal van 2010 sterk groei van +4.2% behaal. Daarna het internasionale en plaaslike aandelemarkte egter skerp geval, weens kommer oor die vooruitsig vir die wêreldekonomie (spesifiek die skuldkrisis in die Euro-area). Die ALSI het 'n opbrengs van -8.2% vir die tweede kwartaal aangeteken, en +21.8% vir die 12 maande tot 30 Junie 2010. Hierdie daling het 'n uitwerking op alle fondse wat aandele in hul portefeuljes het.

Hoewel hierdie onbestendigheid oor die kort termyn senutergend kan wees, is dit belangrik om die visier op die langer termyn te stel wanneer 'n mens in aandele belê. As u beleggings u snags laat wakker lê, kan dit wees dat u in die verkeerde fondse belê. Vir gemoedsrus is dit noodsaaklik dat u die regte tipe fondse kies wat u sal help om u beleggingsdoelwitte te bereik.

Weens die markonbestendigheid en die magdom fondse wat beskikbaar is, kan dit egter moeilik wees om die regte keuse te maak. Om u dus te help om u portefeulje so saam te stel dat dit die regte mate van kapitaalgroei en/of inkomste lewer wat u in die toekoms nodig sal hê, stel ons graag ons **Klassieke Beleggingsreeks** bekend.

WAT IS BATEKLASSE?

Dit is tipes beleggingsinstrumente wat plaaslik sowel as in die buiteland beskikbaar is:

- aandele
- effekte
- eiendom
- geldmarkte (kontant)

Die Klassieke Beleggingsreeks

Die Klassieke Beleggingsreeks is 'n sorgvuldig uitgesoekte reeks fondse wat bestem is om 'n verskeidenheid beleggingsbehoeftes te dek. Ek glo hierdie reeks vernuftig bestuurde effektetrustfondse kan die grondslag of kern van 'n goed gestruktureerde beleggingsportefeulje uitmaak.

Die beste van ons Klassieke Beleggingsreeks is dat vier uit die vyf fondse ingeboude bateklasdiversifikasie bied. Dit is 'n kragtige voordeel, omdat verskillende bateklasse in verskillende marktoestande goed presteer, en die fondsbestuurder het die vermoë om 'n fonds se blootstelling dienooreenkomstig aan te pas. Dit hou die dubbele voordeel in dat die fondsbestuurder nie net groeigeleenthede te baat kan neem nie, maar ook verliese kan vermy en u kapitaal kan beskerm deur ontslae te raak van bates wat waarskynlik sal onderpresteer.

Die vyfde fonds, die **Old Mutual Top Companies Fund**, is aan die hoë kant van die risikospektrum en bied suiwer aandeleblootstelling aan beleggers wat hoër opbrengste soek.

Daar is dus regtig iets vir elkeen in hierdie reeks. Aan die konserwatiewe kant van die risikospektrum is die **Old Mutual Enhanced Income Fund**, wat ontwerp is om te voorsien in die behoeftes van beleggers wat 'n betreklik hoë, volhoubare inkomste-vlak en geleenthede vir kapitaalwins soek — bv. afgetredenes.

As u met die oog op 'n korttermyndoelwit belê en oor ongeveer drie jaar u volle belegging of 'n deel daarvan in kontant moet omskep, sal u miskien 'n fonds wil oorweeg wat 'n mate van groei nastreef, maar nie te veel risiko oor die kort termyn inhou nie. As u na die tabel hiernaas kyk, sal u sien dat die **Old Mutual Stable Growth Fund** matige groei met 'n maksimum blootstelling van 40% aan aandele vir groeipotensiaal bied, terwyl die kontant- en effektekomponente stabiliteit en inkomste verskaf.

Die **Old Mutual Balanced Fund** is ideaal vir mense wat redelik hoë groei oor die lang termyn wil hê en bereid is om groter risiko aan te gaan om dit te verwesenlik, maar nie bereid is om 100% blootstelling aan aandele te waag nie.

Daarenteen, as u vir ’n langtermynbehoefte soos aftrede spaar, sal u tipies groei oor die lang termyn wil maksimeer. Die voordeel van ’n langtermyndoelwit is dat u u nie te veel oor korttermyn-onbestendigheid in die markte hoef te bekommer nie, solank u op die einddoel konsentreer.

Soos die **Old Mutual Top Companies Fund**, is die **Old Mutual Flexible Fund** ’n hoërisiko-fonds wat u die geleentheid bied om deur blootstelling aan aandele hoë groei te behaal. Die groot verskil tussen die twee is dat die **Old Mutual Flexible Fund** soortgelyke opbrengste aan dié van ’n suiwer aandelefonds probeer lewer, maar met minder onbestendigheid — danksy die fonds se vermoë om in ander bates te diversifiseer indien aandele minder aantreklik word. Die **Old Mutual Top Companies Fund** belê in ’n gekonsentreerde dog uiteenlopende keuse van SA aandele en soek geleenthede deur die tipe maatskappye waarin dit belê.

Wat u doelwitte dus ook al is, ons het die fondse wat u sal help om daardie doelwitte te bereik. Fondse in ons Klassieke Beleggingsreeks kan gebruik word om u hele portefeulje saam te stel, of as kernelemente van u portefeulje waarby u ander fondse uit ons omvattende reeks kan voeg, om ’n portefeulje volgens u besondere vereistes saam te stel. Ons fondse in die kollig op bladsy 5 bied byvoorbeeld beproefde alternatiewe bronne van inkomste en groei.

In die lig van die heersende markonbestendigheid en terwyl u waarskynlik meer as een doelwit het, is dit nou ’n ideale tyd om met u adviseur of makelaar te gesels om seker te maak dat u beleggingsplan al u behoeftes in ag neem.

OLD MUTUAL UNIT TRUSTS SE KLASSIEKE BELEGGINGSREEKS

	Old Mutual Enhanced Income Fund	Old Mutual Stable Growth Fund	Old Mutual Balanced Fund	Old Mutual Flexible Fund	Old Mutual Top Companies Fund
Prestasieteiken per jaar	Kontant x 110%	Inflasie + 4% (VPI + 4%)	VPI + 6%	VPI + 8%	Aandelemark + 2% (SWIX + 2%)
Fondsdoelwitte	• Hoër, gereelde inkomste • Minimale groei	• Gereelde inkomste • ’n Mate van groei	• Matige tot hoë langtermyngroei • Laer onbestendigheid	• Hoë langtermyngroei • Laer onbestendigheid as aandele	• Maksimum langtermyngroei • Aandelemark-onbestendigheid
Soort belegger	• Risiko-sku • Wil ’n gereelde inkomste kry • Minimale onbestendigheid • Waarskynlik afgetree	• Konserwatief • Wil ’n gereelde inkomste en ’n mate van groei kry • Lae korttermyn-onbestendigheid • Naby aftrede/ afgetree	• Matige risiko-aptyt • Soek kapitaalgroei • Langertermyn-horison	• Hoë risiko-aptyt • Soek hoë groei met laer onbestendigheid • Langtermyn-horison	• Hoë risiko-aptyt • Soek maksimum groei • Kan die onbestendigheid van aandelemarkte hanteer • Langtermyn-horison
Bateklasblootstelling	• Kontant • Effekte • Eiendom	• Kontant • Effekte • Eiendom • Maks. 40% aandele	• Kontant • Effekte • Eiendom • Maks. 75% aandele	• Kontant • Effekte • Eiendom • Maks. 100% aandele	• Aandele
Maksimum buitelandse blootstelling	0%	20%	20%	20%	0%
Minimum aanbevole beleggingstermyn	2-3 jaar	3 jaar +	5 jaar +	5-7 jaar +	7 jaar +

Huidige tendense dui almal op ’n omgewing van lae opbrengste

Peter Brooke
Fondsbestuurder en Hoof van Macro Strategy Investments, ons aktiewe batetoewysingsfondsbestuurders

Peter Brooke en die span van Macro Strategy Investments* (MSI) het die ekonomiese en finansiële tendense geïdentifiseer wat na hul mening beide internasionale en plaaslike bateklasse oor die langer termyn sal beïnvloed.

Drie van die vernaamste tendense, naamlik hoë staatskuld, laer ekonomiese groei en lae rentekoerse in die ontwikkelde ekonomieë, dui saam daarop dat ons ’n omgewing van “laer opbrengste” betree het — ’n vierde beduidende tema.

Dit word beslis weerspieël in MSI se vyfjaar-vooruitskatting van die opbrengste wat die bateklasse waarskynlik sal oplewer. ’n Kykie na die tabel toon dat aandele volgens hul taksering die enigste bateklas is wat nog werklik groeipotensiaal bied — veral buitelandse aandele. Selfs hierdie groeipotensiaal is op lae vlakke in vergelyking met die opbrengste wat ons in vorige jare op aandele gekry het.

Volgens Peter beteken dit egter nie dat daar nie geleenthede sal wees nie. Dit beteken eenvoudig dat beide groei en inkomste laer sal wees, en moeiliker verkry sal word. Dit lei na ’n vyfde en sesde tendens:

5) *ontluikende markekonomieë sal waarskynlik die plek wees waar beleggers die hoogste aandelegekoppelde groei sal kry; en*

6) *die soeke na opbrengste.*

Batetoewysingsfondse bied die voordeel van **diversifikasie**, aangesien hulle al die bateklasse kan insluit, hoewel die vlak van hul blootstelling aan elke bateklas deur hul beleggingsdoelwit en risikoprofiel bepaal sal word.

Geleenthede in ontluikende markte

Ondanks kwessies soos politieke risiko en die moontlikheid van beloftes wat nie nagekom word nie, het ontluikende markte al die elemente wat groei bevorder — baie mense, baie grond, baie buitelandse reserwes en baie groei. Dit is die soort omgewing waarin mense hul geld sal belê, en MSI is geen uitsondering nie - ontluikende markte is beslis op hul inkopielys. Hoewel daar reeds heelwat belangstelling in hierdie lande is, kan goeie waarde nog steeds hier gevind word - nou en nog ’n hele paar jaar hierna. Nou kan egter beter wees as later, om u langtermyn-opbrengspotensiaal te maksimeer. Binne die buitelandse komponent van MSI se portefeuljes, het die **Old Mutual Flexible Fund** en die **Old Mutual Balanced Fund**, wat deur Peter bestuur word, tans oorgewig posisies in die aandele van ontluikende markte, vergeleke met blootstelling aan ontwikkelde markte.

Plaaslike beleggers kyk na dividendopbrengste

Vir plaaslike beleggers wat sukkel om inkomste in die huidige omgewing van lae rentekoerse te kry, kan dividende ’n aantreklike en belastingvrye inkomstebron wees. Dit geld veral indien rente laag bly en inflasie ’n ernstiger bedreiging word, omdat aandeleblootstelling dan beskerming teen inflasie sowel as ’n groeiende inkomste (in die vorm van dividenduitbetalings) oor ’n tydperk sal bied.

Om hierdie rede het die MSI-span seker gemaak dat hulle aandele met hoë dividendopbrengste by hul aandeelkeuse insluit. En as u belangstel in ’n suiwer aandelefonds wat op dividendopbrengste toegespits is, lees meer oor ons toppresterende **Old Mutual High Yield Opportunity Fund** op bladsy 5.

** MSI bestuur drie van die fondse wat by ons Klassieke Beleggingsreeks ingesluit is. Sien besonderhede op bladsy 1 en 2.*

Bateklassiening oor 5-jaartermyn (elke ses maande bygewerk)

	5-jaar Reële Opbrengs	Siening	Kommentaar
SA		**N-**	**Kwesbaar vir laer risiko-aptyt.**
Aandele	6.5%	N+	Tydwaarde maak ons aandelemark aantrekliker. Verwag ’n beter tweede helfte.
Eiendom	6.0%	N	Sterk prestasie het stygpotensiaal verminder. Verlaag na neutraal.
Effekte	3.0%	N	Billike waarde.
Kontant	2.5%	N-	Laer koerse vir langer beteken laer opbrengste.
Buiteland		**N+**	**Diversifikasie is waardevol.**
Aandele	7.0%	+	Redelike waardasies en groeiende dividende is belangriker as vrese vir dubbeldaalresessie.
Effekte	1.0%	-	Lae nominale opbrengs van 2.5% skep risiko van kapitaalverliese. Vermy.
Kontant	0.0%	-	Uitstel van koersverhogings beteken negatiewe reële opbrengste vir langer.

N = Neutraal **+** = Positief **-** = Negatief

Bron: Macro Strategy Investments

Die risiko van ’n te veilige posisie

Onlangse data van die Vereniging vir Spaar en Belegging van Suid-Afrika het getoon dat meer as 60% van effektetrustbeleggings in ’n bedryf van R823 miljard in kontant of fondse met ’n lae aandelekomponent belê is in die kwartaal tot einde Junie 2010. Hierdie tipe beleggings probeer u kapitaal beskerm en u ’n inkomste, en in sommige gevalle matige kapitaalgroei, gee…

Op grond van hierdie hoë persentasie moet ons aanvaar dat sommige mense hierdie fondse vir langtermynspaardoeleindes gebruik. Hierdie beleggers kan gevaar loop om nie genoeg aftree-inkomste te hê nie. Hier’s die rede...

Old Mutual se navorsing toon dat 67% van alle Suid-Afrikaners wat op ouderdom 60 aftree na verwagting ouderdom 80 sal bereik, terwyl 10% ouer as 100 sal word. Dit beteken ons moet vir minstens 25 jaar, of selfs nog langer, ná aftrede beplan.

Ons het ’n paar eenvoudige berekenings gedoen om te bepaal hoe u u geld die beste kan belê om genoeg kapitaal by aftrede te hê. In die tabel kyk ons na drie verskillende scenario’s van beleggers wat op verskillende ouderdomme vir hul aftrede begin spaar. Ons het hul spaarfondse — voor en gedurende aftrede — teen drie verskillende groeikoerse laat aangroei:

- Groei teen inflasie + 2% (’n tipiese fonds met ’n verhoogde inkomste)
- Groei teen inflasie + 4% (’n tipiese voorsorg: lae aandelefonds)
- Groei teen inflasie + 7% (die gemiddelde langtermyn-opbrengs van die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks)

By aftrede gaan elke belegger voort om ’n inkomste gelyk aan hul eindsalaris te trek, met ’n styging van 6% per jaar. Op grond hiervan het ons bereken hoe lank hulle ’n inkomste uit hul aftreekapitaal kon onttrek (sien *Lewensduur van kapitaal* in die tabel).

By nader beskouing van die syfers in hierdie tabel, sal u sien dit weerspieël duidelik die drie goue reëls om vir u aftrede te spaar:

1. **Begin vroeg.** Belegger 1 se *Totale bedrag belê* was net R474 509 meer as dié van Belegger 2, maar met meer tyd in die mark is sy kapitaalwaarde by aftrede bykans R7 miljoen meer as dié van Belegger 2. Dit is danksy die kragtige uitwerking van saamgestelde groei (d.w.s. groei op groei).
2. **Spaar meer.** In die verlede het baie mense gedink as hulle 10% van hul salaris spaar, sal dit genoeg kapitaal by aftrede voorsien. Aangesien mense egter langer leef, is minstens 15% meer realisties.
3. **Aanvaar ’n mate van risiko.** As u tyd aan u kant het, moet u in bates met hoër groeikoerse, soos aandele, belê. Neem Belegger 1 as voorbeeld: die hoër groei-opsie lewer drie keer meer kapitaal by aftrede as die konserwatiewe (VPI + 2%) opsie. Belangriker nog — die laer risiko-opsie lewer net kapitaal vir 9 jaar en 11 maande, teenoor die hoër risiko-opsie wat waarskynlik genoeg inkomste vir ’n leeftyd sal voorsien.

Beleggers wat nog nie naby aftrede is nie, behoort groter blootstelling aan aandele te oorweeg, om die groeipotensiaal te benut. Dit kan ’n groot verskil aan u toekoms maak.

KRITERIA VIR SPAAR VIR AFTREDE

	Belegger 1	Belegger 2	Belegger 3
Huidige ouderdom	25	35	45
Aftree-ouderdom	65	65	65
Beleggingstermyn	40	30	20
Beginsalaris p.m. (styg teen 6% p.j.)	R20 000	R35 817	R64 143
Persentasie van salaris gespaar	15%	15%	15%
Totale bedrag belê	R5 602 288	R5 127 779	R4 278 007
Maandelikse salaris by aftrede (styg teen 6% p.j.)	R153 722	R153 722	R153 722

DIE LEWENSDUUR VAN AFTREE-INKOMSTE

Konserwatiewe Opsie: Groei teen inflasie (VPI)* + 2%			
Waarde by aftrede (VPI + 2%)	R21 640 788	R14 643 649	R8 839 460
Lewensduur van kapitaal	9 jaar en 11 maande	6 jaar en 6 maande	3 jaar en 10 maande
Matig Konserwatiewe Opsie: Groei teen inflasie (VPI)* + 4%			
Waarde by aftrede (VPI + 4%)	R33 451 818	R20 063 829	R10 820 101
Lewensduur van kapitaal	19 jaar en 9 maande	10 jaar en 1 maand	5 jaar
Hoër Groei-opsie: Groei teen inflasie (VPI)* + 7%			
Waarde by aftrede (VPI + 7%)	R68 071 782	R33 227 731	R14 845 304
Lewensduur van kapitaal	Meer as 40 jaar	34 jaar en 7 maande	8 jaar

* Veronderstelde inflasiekoers van 6%
Bron: OMIGSA, bloot ter illustrasie.

Gesels met u Old Mutual finansiële adviseur of u makelaar oor ’n aftreeplan wat vir u unieke behoeftes nommerpas is.

Fondse in die kollig

Old Mutual Real Income Fund | Old Mutual High Yield

Hier fokus ons op 'n paar fondse wat alternatiewe bronne van inkomste en/of groei bied. Na gelang van u besondere behoeftes, kan hierdie fondse saam met 'n kernportefeulje oorweeg word (soos bespreek op bladsy 1).

OLD MUTUAL REAL INCOME FUND

Hierdie fonds streef 'n groeiende inkomste en 'n mate van kapitaalgroei na – met 'n teiken van inflasie (VPI) + 3% per jaar. Dit is 'n meer konserwatiewe fonds, wat 'n mate van sekuriteit en 'n inkomste via effekte en geldmarkinstrumente bied. Kapitaalgroei is afkomstig van beperkte blootstelling aan aandele en genoteerde eiendom (tot 'n maksimum van 35% van die fondswaarde).

Die fonds is ook 'n topkwartiel-presteerder in sy portuurgroep oor een, twee, drie en vier jaar tot 30 Junie 2010.

Old Mutual Real Income Fund vs VPI + 3% en Portuurgroep tot einde Junie 2010



OLD MUTUAL HIGH YIELD OPPORTUNITY FUND

Hierdie fonds probeer aan beleggers 'n kombinasie van 'n groeiende dividendinkomste en kapitaalgroei gee. Die goeie nuus is dat dividendinkomste tans nie in die hande van privaat beleggers belas word nie.

Beleggers is ingenome met die fonds se deurgaans ruim dividendinkomsteverklarings, wat sy teiken van 'n dividendopbrengs van een en 'n half keer dié van die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks (ALSI) deurgaans oortref het.

'n Belegging wat op die fonds se bekendstellingsdatum in November 1998 aangegaan is, sou nou 'n dividendopbrengs van 28% p.j. op die oorspronklike netto beleggingsbedrag (dividende herbelê) betaal. As u op daardie datum R100 000 belê het, sou dit nou R956 613 werd gewees het – net minder as R1 miljoen! Dit is 'n totale opbrengs van 856.6% (of 21.38% per jaar). Dit beteken 'n inkomste van R182 974 en 'n kapitaalwaarde van R582 823.

Dit is dan ook geen verrassing nie dat dit die toppresterende algemene aandelefonds uit 80 fondse vir die 12 maande tot 30 Junie 2010 is, en oor die lang termyn (sedert sy bekendstelling 12 jaar gelede) beklee dit die derde posisie uit 24 fondse.

Blaai na bladsy 3 om te lees wat ons batetoewysingskenner, Peter Brooke, te sê het oor hoe belangrik dit is om dividende by 'n beleggingsportefeulje in te sluit.

R100 000 wat in Old Mutual High Yield Opportunity Fund belê is vs Geldmarksektorgemiddelde 4 November 1998 tot einde Junie 2010



KUNDIGE AANDELENAVORSING

Ons bied 'n uitstekende reeks spesialisaandelefondse wat die navorsings- en ontledingsvaardighede van ons Aandelenavorsingspan weerspieël. Hierdie fondse is gemik op beleggers wat spesiale beleggingsbehoeftes het en bereid is om die hoë risiko te loop wat met 100% aandeleblootstelling aan 'n enkele sektor gepaardgaan, ten einde hul doelwitte te bereik.

Mynbou- en hulpbronne-aandele maak sowat 41.8% van die ALSI uit, en 47.6% van die FTSE/JSE Top 40 Indeks. Daarom plaas ons batebestuursmaatskappy, Old Mutual Investment Group (SA) (OMIGSA), geweldig baie klem op hoë gehalte navorsing in hierdie sektor, aangesien aandeelkeuse hier 'n groot impak sal hê op hoe algemene aandeleportefeuljebestuurders hul fondse saamstel.

Opportunity Fund | Old Mutual Mining & Resources Fund

Die kundigheid van die Hulpbronnenavorsingspan, onder leiding van fondsbestuurder Anwaar Wagner, blyk duidelik uit die prestasie van die Old Mutual Mining & Resources Fund.

Hierdie veelbekroonde fonds is ’n toppresteerder in die basiese nywerheidsektor oor alle jaartydperke (wat op 1 Junie begin) van drie tot 12 jaar en het ook al die effektetrusts in die land oor vyf jaar (tot einde Junie 2010) uitgestof. Sy jongste bedryfsprestasie is die Raging Bull-toekenning vir algehele prestasie oor die driejaartydperk tot einde Desember 2009.

Dit is ’n spesialisfonds en kan as ’n byvoeging by ’n meer gediversifiseerde kernportefeulje oorweeg word. Hoewel ’n spesialisaandelefonds nie vir almal geskik is nie, getuig dit beslis van die sterk vermoëns van ons span Aandelenavorsingspesialiste. Ander spesialisaandelefondse wat deur die Aandelenavorsingspan bestuur word:

- Old Mutual Financial Services Fund
- Old Mutual Gold Fund
- Old Mutual Industrial Fund
- Old Mutual SA Quoted Property Fund
- Old Mutual Small Companies Fund

Spesialisaandelefondse
Dit is fondse wat belê in aandele wat tot een sektor behoort, soos finansiële, goud- en hulpbronne-aandele.

Ontdek al die funksies van u e-staat in splinternuwe formaat

As u gekies het om elektroniese kommunikasie van ons te ontvang, sal u opgemerk het dat u staat nou ’n bietjie anders lyk. Staan ’n tydjie af om al die gerief en funksionaliteit van hierdie interaktiewe en omvattende staat te ontdek. Indien u u state oor die pos ontvang, wil ons sterk aanbeveel dat u na e-pos oorskakel. Dit is nie net ’n veilige manier om toegang tot u beleggingsinligting te kry nie, maar word ook vinnig afgelewer en is boonop omgewingsvriendelik. Al wat u moet doen, is om ’n eenvoudige toepassing een keer af te laai en die staat wat aan u gestuur is oop te maak.

* Dit is ’n voorbeeldportefeulje, bloot ter illustrasie.

Diens- en Kommunikasiebrokkies

Belê aanlyn en kry toegang tot u jongste portefeulje-inligting

U kan nou aanlyn belê deur ons aanlyn-aansoekvorm te gebruik wat op die tuisblad van www.omut.co.za beskikbaar is. Registreer op ons veilige webtuiste om toegang tot u portefeulje te kry, aanlyn transaksies te doen en na u transaksiegeskiedenis te kyk wanneer dit u pas! U kan ook toegang kry tot verskillende verslae, insluitend kapitaalwinsbelasting- en inkomstestate. Klik net op "register" bo-aan die webblad vir toegang tot hierdie voordele en nog meer.

Bywerking van SAID-besonderhede:

Vir leeftydannuïteit-beleggers

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) vereis dat ons inkomstebelastingnommers verstrek op die belastingstate van alle beleggers met Old Mutual Persoonlike Leeftydannuïteite. Stel ons asseblief onmiddellik in kennis indien enige van die besonderhede hieronder onlangs verander het.

1. Voorletters, eerste twee voorname en van
2. ID-nommer
3. Paspoortnommer en land van uitreiking (indien geen SA ID-nommer beskikbaar is nie)
4. Geboortedatum
5. Inkomstebelasting-verwysingsnommer
6. E-posadres (indien beskikbaar)
7. Selfoon-, huistelefoon- en/of faksnommers
8. Straat-, pos- en woonadres
9. Bankrekeningbesonderhede

Vir alle effektetrustbeleggers wat 'n inkomste trek

Hoewel dit nog nie wet is nie, sal die SAID waarskynlik vanaf 2011 dieselfde vereistes as dié hierbo stel aan alle beleggers wat enige vorm van inkomste voortspruitend uit 'n belegging by ons ontvang, insluitend enkelbedragbetalings uit uittredingannuïteite. Ons wil u aanmoedig om vroegtydig te reageer en nou u besonderhede by te werk.

Hoe om u besonderhede by te werk

Indien u u staat elektronies ontvang, kies net "Your Details" op die skerm. So nie, kan u dit via ons veilige webtuiste doen, of u besonderhede per e-pos aan ons stuur. Beleggers wat nie toegang tot die internet of e-pos het nie, moet asseblief ons Dienssentrum skakel.

Kontakbesonderhede

- www.omut.co.za
- Skakel 0860 234 234 (+27 21 503 1770) om gedurende kantoorure met 'n bekwame kliëntedienskonsultant te gesels, of enige tyd van die dag of nag beleggingswaardes via ons outomatiese stelsel te verkry. Hou asseblief u rekeningnommer byderhand.
- Faks u versoeke of ingevulde vorms na +27 21 509 7100.
- Rig navrae per e-pos aan unittrusts@oldmutual.com (ons reageer binne 24 uur).
- Besoek u naaste Old Mutual-tak en gesels met een van ons geakkrediteerde finansiële adviseurs.

FONDSPRESTASIE TOT 30 JUNIE 2010

Fonds	TOV# (%)	Prestasie % p.j. 1 jaar	3 jaar	5 jaar	Risiko-gradering
Four Plus Capital Fund of Funds A	2.56	7.8	5.2	7.8	3
Four Plus Global Fund of Funds A	2.36	9.0	-6.0	5.1	4
Four Plus Growth Fund of Funds A	2.23	11.6	0.2	9.9	3
Four Plus Secure Fund of Funds A	1.99	6.8	8.5	7.5	2
Old Mutual Active Quant Equity Fund A	1.00	21.7	-0.2	14.2	4
Old Mutual Balanced Fund R	1.32	14.4	0.6	12.1	3
Old Mutual Bond Fund R	0.87	10.3	8.6	7.4	3
Old Mutual Capital Builder Fund A	1.70	4.7	-	-	2
Old Mutual Dynamic Floor Fund A	2.10	10.2	5.2	9.4	3
Old Mutual Enhanced Income Fund A	1.14	9.3	8.9	9.3	2
Old Mutual Financial Services Fund R	1.16	26.5	1.5	13.9	5
Old Mutual Flexible Fund R	1.35	16.3	1.1	13.8	4
Old Mutual Futuregrowth Albaraka Equity Fund R	1.86	9.9	-8.7	8.8	4
Old Mutual Futuregrowth Global Index Fund of Funds R	1.48	11.2	-7.0	2.8	4
Old Mutual Global Bond Feeder Fund R	1.71	8.9	9.2	7.8	2
Old Mutual Global Equity Fund R	1.22	7.4	-13.1	1.2	4
Old Mutual Global Technology Fund A	2.46	14.6	-3.6	5.1	5
Old Mutual Gold Fund R	1.16	16.0	1.3	12.5	5
Old Mutual Growth Fund R	1.15	20.7	2.0	15.7	4
Old Mutual High Yield Opportunity Fund A	1.43	29.4	-0.4	13.3	4
Old Mutual Income Fund R	0.86	9.1	10.5	9.1	1
Old Mutual Industrial Fund A	1.44	20.9	1.7	13.9	5
Old Mutual International Growth Fund of Funds A	2.91	6.7	-8.5	1.9	4
Old Mutual Investors' Fund R	1.15	18.8	-0.4	13.6	4
Old Mutual Mining & Resources Fund R	1.17	19.5	3.2	22.1	5
Old Mutual Money Market Fund R	0.58	7.6	10.0	9.0	1
Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund A	0.91	22.0	-	-	4
Old Mutual Real Income Fund A	1.39	13.6	8.3	-	2
Old Mutual SA Quoted Property Fund A	1.43	25.3	7.9	17.4	4
Old Mutual Small Companies Fund R	1.16	33.9	-4.8	14.0	5
Old Mutual Stable Growth Fund A	2.12	10.7	5.1	-	2
Old Mutual Top 40 Fund A	0.74	18.8	-1.3	14.0	4
Old Mutual Top Companies Fund R	1.16	21.0	1.9	14.2	4
Old Mutual UK Money Market Feeder Fund A	0.73	-9.9	-3.8	2.2	1
Old Mutual Value Fund R	1.16	23.9	-0.6	13.7	4
SYm|mETRY Balanced Fund of Funds A	1.85	17.5	5.0	13.2	3
SYm|mETRY Defensive Fund of Funds A	1.52	13.9	5.0	10.8	2
SYm|mETRY Equity Fund of Funds A	1.48	18.0	-0.9	13.8	4
SYm|mETRY Fixed Interest Fund of Funds A	1.19	10.4	9.2	8.9	2
Suid-Afrika VPI		4.2	7.6	6.8	

Bron: Morningstar

Alle syfers in die publikasie is verkry van Morningstar (tensy anders vermeld). Enkelbedragbeleggings tot einde Julie 2010, uitkerings is herbelê en NBW-NBW-pryse is gebruik (d.w.s. aanvangskoste is uitgesluit). Inkomste word op die ex dividend-datum herbelê. Werklike beleggingsprestasie sal verskil, op grond van die aanvangsfooie wat van toepassing is, die werklike beleggingsdatum en die datum waarop inkomste herbelê word. Vorige prestasie is nie noodwendig 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Old Mutual Unit Trusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs SA gelisensieer om die naam FTSE/JSE Top 40 Indeks te gebruik. #TOV's (totale onkosteverhoudings) is soos op 30 Junie 2010. Skakel ons Dienssentrum by 0860 234 234 om kopieë van die bygewerkte feiteblaaie te kry, of besoek www.omut.co.za en klik op "Fund Information & Prices" en kies "Fees & Charges". Risikograderings neem nie die impak van valutaskommelinge in ag nie.

© Old Mutual Unit Trusts Augustus 2010. Finansieel Gesproke is 'n nuusbrief wat as 'n diens aan Old Mutual Unit Trusts se beleggers uitgegee word. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar Old Mutual Unit Trusts geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervat is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrief moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of verkoop nie. Ons stel voor dat u ons of u finansiële adviseur kontak voordat u enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien u bykomende eksemplare van hierdie nuusbrief wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234). This publication is also available in English as Financially Talking. Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Skommelinge kan oor die korter termyn voorkom, terwyl u belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektetrusts kan by leen en die uitleen van skrip betrokke wees. Die fonds se TOV weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n aanduiding van toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie, koste en maksimum kommissie is by die maatskappy verkrygbaar. U kan u belegging verkoop teen die heersende prys van die dag (om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag bereken en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund en Old Mutual Top 40 Fund). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daagliks om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemende belange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere fondse kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Hierdie portefeuljes het verskillende onderaandeelklasse, wat aan verskillende fooie en koste onderhewig is. Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA. Old Mutual Investment Group is 'n volfiliaal van Old Mutual (South Africa) Limited. Reg.nr. 1993/003023/07.